

MISSTOFVERENIGING VAN SUID-AFRIKA

VOORSITTERSVERSLAG 1982/1983

J J ADRIAANSE
Fedmis

Dit is my plig, maar tog ook my voorreg om aan u te rapporteer aangaande die aktiwiteite van die M.V.S.A. en soos u sal begryp het sommige van hierdie aktiwiteite ook direk op die industrie betrekking.

Laat my egter dadelik ter inleiding sê dat as u verwag het om te kom luister na 'n Jeremiade aangaande 'n swak jaar vir die bedryf, die landbou, of die landseksonomie in die algemeen, dan het u dit mis, ek sal slegs probeer om 'n feitlike opsomming van gebeure te gee. Die finansiële resultate van lede van hierdie vereniging, rapporte oor een van die grootste droogtes in mense heugenis en opinies oor die nasionale en internasionale ekonomie word aan u daagliks baie doeltreffend deur die media verskaf.

Die Vereniging

Wanneer ek oor die aktiwiteite van die Vereniging rapporteer moet ek u reeds aan die begin daaraan herinner dat my voorganger verlede jaar by hierdie geleentheid daarop gewys het dat die M.V.S.A. voortaan meer klem op navorsing sal lê. Hierdie besluit was mynsinsiens meer as geregverdig, reeds agterstallig en u kan dus verwag dat nie net hierdie vereniging, maar die totale bedryf in die toekoms meer aandag aan landbounavorsing sal gee.

In hierdie verband haal ek aan wat die eerste minister onlangs by die opening van die Sentrale Landboukou in Bloemfontein oor navorsing gesê het: "Aangesien 'n groeiende bevolking in die toekoms met steeds duurder wordende produksiemiddele gevoed sal moet word, is tydig en doelgerigte navorsingsinsette noodsaaklik. 'n Belegging in landbounavorsing is een van die belangrikste beleggings wat 'n volk kan maak. Dit is in die Republiek bewys dat opbrengstes van tot R1,000 vir elke rand op landbounavorsing gespandeer, behaal is."

Maar Sy Edele, die Eerste Minister het gepraat van **doelgerigte** navorsing en ek sien dat hierdie Vereniging uiteindelik met sy navorsingspoging 'n daadwerklike bydrae tot navorsing in 'n breë Nasionale landboubeleid kan maak. Alle instansies wat 'n rol in landbou speel, sal in alle waarskynlikheid insette tot doelgerigte landbounavorsing moet maak. Ek kan hierdie aspek nie oorbeklemtoon nie. In hierdie verband is dit aangenaam om te kan aankondig dat daar op die oomblik konstruktiewe samesprekings tussen ons en Nampo gevoer word met die doel om die navorsingspogings van hierdie twee verenigings saam te snoer. Slaag hierdie samesprekings, en ons het min twyfel daaraan, sal dit beteken dat die M.V.S.A. op navorsing sal saamwerk met die mieliebedryf aan wie die misstofnywerheid plus minus 60% van sy produkte bemark. Dit mag dus net wees dat hierdie samesprekings ook sal lei tot groter samewerking met daardie seksies in die landbou aan wie die orige 40% van ons produkte verkoop word. Ons dink hier aan wintergraan, sagte vrugte, die wyn en suikerbedrywe, ens.

In die afgelope jaar se program van navorsing het die Misstofvereniging onder ander op die volgende gekonsentreer.

1. Om meer inligting te bekom oor N, P en K bemestingsver-eistes van koring en mielies onder wisselende grond en klimaatstoestande.
2. Die uitvoer van 45 proewe op koring en mielies. Hiervan is 16 alleen in Wes- en Suid-Kaap uitgevoer.
3. Die gebruik van proefresultate om grondvrugbaarheids parameters met opbrengs te korreleer.
4. Die gebruik van grond- en blaar ontledings as ondersteuning in proefwerk.
5. Meer inligting oor loging, vaslegging en gronduitputting te bekom.
6. Die toepassing van proefresultate tot meer winsgewende produksiestelsels.

Ek moet vervolgens rapporteer dat die Misstofvereniging in die afgelope jaar deelgeneem het aan die ondersoek na "dienste aan die landbou" en 'n verslag hieroor uitgebring het. Die aanbeveling van die Vereniging kom kortliks neer op die daarstelling van 'n outonome landbounaad om landbou in sy breedste konteks te rig.

Ek wil die daarstelling van 'n landbounaad aan die hand van twee knelvrae motiveer.

- (1) Rus landbou nog stewig op die 4 pilare wat veronderstel was om sy bestaan te orden, nl:
 - (a) Die Bemarkingswet
 - (b) Die Grondbewaringswet
 - (c) Die wet op Landbouchemikalië
 - (d) Die wet op Kooperatieweverenigings

Of het die storms van die tyd begin om hierdie pilare stadigaan te verweer?

- (2) Kan ons, ons langer die weelde toe-eien om mekaar in die hare te vlieg oor wat die prys van mielies, koring, vleis, wyn, suiker ens moet wees — oor wat moet ingevoer word, deur wie, wanneer, en hoe — oor wat, wanneer en tot welke mate gesubsidieer moet word en wie vir subsidies moet betaal?

Nee — die tyd het aangebreek dat van owerheidsweë gevra word — "Quo vadis" —? Waar gaan ons heen met die landbou —

En verwante nywerhede; (waarvan die misstofnywerhede nie die onbelangrikste is nie).

As dit nie gou gedoen word nie, verstout ek my om te sê dat die huidige politieke stryd van die berge daar in die noorde van ons land na 'n piekniek gaan lyk teen die veldslae wat in die stryd teen oorlewing gevoer sal word.

Laat my dan toe om oor aspekte te rapporteer wat die Bedryf raak, maar waarmee die Misstofvereniging as suks ook vanselfsprekend gemoeid is:

1982 Kunsmisverbruik

Gedurende 1982 is 796 941 ton plantvoedsel in die Republiek van Suid-Afrika verkoop. Hiervan het 72,4% na die sentralegebied, 11,43% na die suidelikegebied en 16,10% na die oostelikegebied gegaan.

Die totale plantvoedsel verbruik van 796 941 ton was egter 9,64% minder as die 1981 verbruik en hierdie totale negatiewe groei het hoofsaaklik in die sentralegebied ontstaan waar kunsmisverbruik met 14,12% op die vorige jaar gedaal het. Verbruik in die oostelikegebiede was slegs 1,1% minder as in 1981, terwyl die suidelikegebiede in totale kontras, 'n groei van 14,35% getoon het. Klimaatstoestande in die Kaap was egter oor die algemeen gunstig en dit wys weereens hoe deurslaggewend klimaat in landbou kan wees, want volgens alle aanduidings was reënval in die Kaap gunstig en die verspreiding redelik.

As ons die totale plantvoedselverbruik van 796 941 ton verder ontleed vind ons dat daar dalings van 11,49% in die verbruik van N, 8,53% in die verbruik van P en 4,12% in die verbruik van K ontstaan het.

Dit dien egter verder daarop gelet te word dat die kunsmisnwyerheid in Suid-Afrika sedert 1955 nog net een jaar en wel in 1966 'n negatiewe groeikoers (van 1,3%) ondervind het. Dit is dus nie te betwyfel dat ook die Nywerheid 1982 as een van sy heel moeilikste jare sal onthou. Ons is egter vas oortuig dat landbou in Suid-Afrika sal herstel, dat klimaatstoestande sal verbeter, dat die pas aangekondigde hulpmaatreels sal werk, dat beter begrip tussen verskaffers van insette en die boer bewerkstellig sal word en dat hiermee gepaardgaande na die normale kunsmisverbruik patroon teruggekeer sal word. As ons egter in gedagte hou dat kunsmisverbruik van 1974 tot 1982, dit wil sê oor 'n periode van 8 jaar, van 517 775 ton plantvoedsel tot 796 941 ton plantvoedsel, dit wil sê met 53,9% toegeneem het, dan was afplating in verbruik ondanks ongunstige klimaatstoestande tog tot 'n mate te wagte.

Op hierdie stadium is die mees ontstellendste verskynsel vir die bedryf egter dat nieteenstaande aantreklike vroeë afleverings

rabatte afnames by fabriek 'n verdere daling van 39,43% oor die maande Januarie tot Maart 1983 toon. As hierdie daling gedurende April — Junie 1983 voortgesit word sal die bedryf dit moeilik, indien nie onmoontlik, vind om onder normale reënval toestande die aanvraag gedurende die periode Augustus tot November 1983 te ontmoet.

Fertiliser prices

As you are probably aware the controlled price of fertiliser was increased by an average of 13,3% as from 1st January 1983. The increase covers only the unavoidable cost increases experienced by fertiliser manufacturers and no provision was made for unrecovered costs incurred during 1982. These losses which amount to roughly R20 million for the industry were brought about by the railage increases in April 1982, the weakening of the Rand against the Dollar and the import surcharge introduced during the year.

Of the increase of 13,3% the weakening in the Rand contributed about 3% and consequently only 10,3% was available to cover increases in other raw material costs and operating expenses. In evaluating the 1983 price increase, it must be borne in mind that the 1982 increase granted was only 10% in stead of the 18% originally requested by the Industry and the 14,8% recommended by the Price Controller. The relatively low increase in fertiliser prices for 1983 was mainly due to the fact that nitrogen producers in the country were granted a much reduced price for ammonia, as a result of the Price Controller using the cost of imported ammonia as a guideline in stead of the traditional price control formula. Had the latter been applied, the average increase in fertiliser selling prices would undoubtedly have been in excess of 20%. The government therefore clearly indicated in 1982 as well as in 1983, that the existing price formula would no longer be followed rigidly.

Although world fertiliser prices are currently on a very depressed level due to the recession in Western economies, the South African fertiliser industry is nevertheless proud of its contribution towards keeping fertiliser prices below the general inflation rate. The oil crises of 1973/1974 brought

The 1983 fertilizer price increase of 13,3% is made up as follows:-

INPUT	Total Input Cost 1983	Percentage of Input	Cost Increase of Input	Increase of Fertiliser Prices
	R'000	%	%	%
Ammonia and other nitrogenous products	299 800	38,8	7,5	3,2
Rock Phosphate	45 014	5,8	22,4	1,4
Sulphur	32 890	4,3	8,3	0,5
Sulphuric acid	37 937	4,9	4,9	0,2
Potassium	43 032	5,6	(4,2)	0,2
Oil, clay and additives	5 574	0,7	14,2	0,1
Railage	68 111	8,8	18,0	1,8
Fertiliser bags	30 331	3,9	14,8	0,7
Working costs	112 969	15,9	23,6	4,2
Depreciation	6 613			
Additional depreciation	3 643			
Return on fixed assets	9 883	1,3		
Buffer compensation	3 962	0,5	43,9	0,2
SUB-TOTAL	699 759	90,5		12,1
Return on stocks and debtors	13 000	1,7	-	-
Early delivery rebate	17 000	2,2	-	-
Discount to Cooperative Societies	29 000	3,8	31,6	1,2
	14 000	1,8	-	-
SALES VALUE (3,03 million tons)	772 759	100,0	-	13,3

about traumatic distortions in the monetary values of all commodities and gave rise to extremely steep increases in fertiliser prices. Between 1975 and 1983 however, the average increase in fertiliser prices was 12,4% against an average inflation rate as measured by the producer price index of 13,9%.

The Government subsidy on fertiliser was also withdrawn over this period which had the effect of accentuating the increase to the farmer. Should the effect of the subsidy withdrawal be eliminated then the average price increase would have been 11,9% over the period in question. In looking at this average price increase it must be borne in mind that the fertiliser price contains elements over which the industry has very little or no control, for example the international price of sulphur, potash, freight rates, Rand/Dollar parity, etc. The cost elements over which the industry has a larger measure of direct control namely the production, administration and selling expenses per ton of plant food has increased by only 8,3% over the period 1975 to 1983. The industry therefore, feels that it has made a significant contribution towards combatting inflation in the country.

However, every year after new prices have been announced, we in the Society as well as in the Industry are bombarded with all sorts of complaints and no matter how hard we try to justify increases, our explanations are viewed with suspicion and most of the time with unjustified criticism. We do, however, consider a strong fertiliser industry of the utmost importance for South Africa, because South African agriculture with all its problems, of which climate may be the most important, can in no way also be subjected to world market fluctuations and any measure of uncertainty in the supply position. In this connection I consider it appropriate to also announce that recent studies by the Chief Economist of the FSSA revealed that had all fertiliser been imported during the period 1973/1983, the additional cost to the South African farmer would have been a minimum of R700 million.

Prysbeheer, Invoerbeheer en Tariefbeskerming

Die maksimum prys van kunsmis word reeds vir die afgelope 40 jaar deur die staat beheer. Die bestendigheid wat beheerde pryse aan die beleggers of produsent meegebring het kan nie ligtelik afgemaak word nie. Aan die ander kant het dit die boer verseker van sy benodighede ter alle tye en teen redelike pryse. In die derde plek het prysbeheer ook rendement tot 'n redelike mate gewaarborg en dus 'n bydrae tot die uitbouing van die plaaslike industrie gelewer. Die wenslikheid van verdere prysbeheer is nou onder bespreking en teen dié tyd is dit algemene kennis dat die nywerheid ten gunste van die afskaffing van prysbeheer op alle produkte behalwe op rotsfosfaat en ammoniak is, op voorwaarde dat die nywerheid voldoende beskerming teen ontwrigtende buitelandse mededinging kry. Rotsfosfaat en ammoniak word uitgesluit omdat rotsfosfaat in die hande van een verskaffer is terwyl ammoniak hoofsaaklik deur twee vervaardigers beheer word.

Met voldoende beskerming kan invoer beheer ook geleidelik verdwyn. Die woord beskerming het egter in die laaste tyd baie kritiek uitgelok en byna 'n vloekwoord geword en juis daarom het dit tyd geword dat daar met groot omsigtigheid na beskerming in die nywerheid gekyk word.

Wanneer daar na 'n tariefbeskermingsvlak vir die misstofnywerheid gekyk word, is dit telkens duidelik dat Suid-Afrika se groot probleem die verskaffing van stikstof is. Ten einde die voortsetting van die plaaslike produksie van ammoniak en stikstofafstroomprodukte te verseker, is dit essensieel dat beskerming sodanig moet wees dat ongeveer die huidige ex-fabriekspyse soos in die Staatskoerant gepubliseer, beskerm moet word. Nou is dit egter so dat as gevolg van die dramatiese ineenstorting van die internasionale kunsmismark

gedurende die afgelope twee jaar veral ten opsigte van D.A.P. en Ureum die *ad valorem* beskermingsvlakke wat hiervoor benodig word, buite alle redelike perke lê. Waar 'n beskermingsvlak van sê tot 25% *ad valorem* waarskynlik as redelik beskou kan word, kan die benodigde persentasie afhangende van die betrokke V.A.B. pryse en wisselkoerse so hoog as 70% in sommige gevalle beloop. Die rede hiervoor is hoofsaaklik dat oorsese leweransiers oor baie goedkoop aardgas beskik waarmee ammoniak vervaardig kan word terwyl Suid-Afrika van steenkool en olieverivate gebruik moet maak.

Die strategiese belangrikheid van plaaslike stikstofvervaardiging kan egter nie geïgnoreer word nie wat ongelukkig die hoë beskermingsvlakke vereis. Aan die ander kant het die hoë insetkoste van ons eie stikstof verreikende implikasies vir die boerderygemeenskap en by uitstek die mielieboer wat 'n groot deel van sy oes teen internasionale mededingende pryse op die wêreldmark van die hand moet sit.

'n Mens begin onvermydel wonder of die probleem nie miskien te bowe gekom kan word deur middel van 'n kombinasie van twee moontlike hulpmiddels nie. In daardie verband kan eerstens gedink word aan 'n redelike *ad valorem* beskerming van sê 25% en dat die strategiese belangrikheid van die plaaslike produksie van stikstof deur die owerheid erken word in die vorm van 'n subsidie wat kan wissel met in-agneming van internasionale prysfaktore. Op hierdie wyse kan die eindproduk teen 'n meer internasionale verwante prys aan die boerderygemeenskap beskikbaar gestel word en kan die voortsetting van nie slegs die plaaslike stikstofnywerheid nie, maar ook die plaaslike kunsmisnywerheid verseker word.

Ek som op —

1. Navorsing sal steeds hoë prioriteit by die M.V.S.A. geniet en samewerking in hierdie verband sal met alle vertakings van die landbou gesoek word.
2. Die negatiewe groei van 9,64% gedurende 1982 en die verdere afplating van 39,43% gedurende Januarie — Maart 1983 kan landswye nadelige gevolge vir die nywerheid sowel as die landbou inhou.
3. Die daarstelling van 'n oorkoepelende Landbouraad wat die gesonde voortbestaan van Landbou op langtermyn kan rig en verseker, het 'n dringende noodsaaklikheid geword.
4. By 'n verhoging van gemiddeld 13,3% in die 1983 kunsmis pryse is weereens afgewyk van die bestaande prysformule, en die nywerheid kom tot die gevolgtrekking dat wat die regering betref hierdie formule nie meer tred hou met behoeftes en werklikhede nie.
5. Die nywerheid is ten gunste van die afskaffing van prysbeheer en invoerbeheer mits redelike vlakke van beskerming gevind kan word.
6. Dit is ondenkbaar om die Suid-Afrikaanse boer se kunsmis-behoeftes aan die fluktuasies en onsekerhede van 'n oorsese mark te onderwerp en 'n gesonde misstofnywerheid is daarom onontbeerlik vir Suid-Afrika.

Ten slotte wil ek graag my dank en waardering bring aan Dr Luitingh en sy personeel vir hulle toegewyde dienste en die onvermoeide ywer waarmee hulle die Vereniging dien en ook die beeld na buite bou. Ook my innige dank aan lede van die uitvoerende, die bestuurs, en subkomitees wat gewaardeerde en konstruktiewe bydraes in die dag tot dag funksionering van die Vereniging, gemaak het.

CHAIRMAN'S REPORT — SUMMARY

Mr J J Adriaanse, chairman of the Fertilizer Society of South Africa, in his report reaffirmed the Society's set course in which more emphasis is placed on research. This also ties in with the Prime Minister's recent call for timeous and purposeful research in agriculture.

He also made a renewed appeal for the establishment of a co-ordinating and directive agricultural council and questioned the present-day usefulness of the four acts governing agriculture (marketing, soil conservation, fertilizers etc and co-operative societies acts). Mr Adriaanse posed the question of where we were heading in agriculture and said that we could not afford the luxury of quarreling over prices, subsidies, imports and protection.

We were living in difficult times and so too was the fertilizer industry. He said that the industry had suffered a negative growth of 9,6% in 1982 and a negative 39,4% in the first quarter of 1983. The central region had shown the greatest decrease in sales (14,1%) but in contrast, the southern region had actually shown an increase in 1982 (14,4%).

The negative growth should also be judged in conjunction with recent price hikes in the industry — 10% in 1982 (instead of the 18% requested) and 13,3% in 1983. These increases were lower than the inflation rate and this tendency had been maintained since 1975. It meant that losses were incurred due to non-recovery of costs (R20 million in 1982).

Although prices were carefully calculated by the Department of Commerce and Industries, according to a set formula, these recommendations had not been accepted when prices were fixed by cabinet committee. The formula itself no longer related to present-day needs and realities.

Mr Adriaanse enumerated the objectives of price control as those of providing stability of investors, of ensuring farmers' requirements were met at all times and of ensuring a reasonable return to the manufacturer.

However, times had changed and the fertilizer industry was now in favour of abrogation of price control on all products except on rock phosphate and ammonia.

A proviso was that the industry be protected against the crippling overseas competition. Sufficient protection against present low nitrogen price would however not be possible.

*A compromise ensuring a reasonable *ad valorem* protection of, say 25%, supported by a suitable subsidy, might be considered. This would enable the industry to provide fertilizer products to the farming community at internationally-related prices. In this way the local fertilizer industry would be ensured of survival.*

"It is unthinkable", said Mr Adriaanse, "that the South African farmer's fertilizer needs be subjected to the fluctuations and uncertainties of the overseas market. For this reason alone a sound fertilizer industry is indispensable".